

Nuusbrief 15 23 Mei 2017

Saamgestel deur Wilna van Rooyen

083 454 2843

wilnav@leeuwenhof.co.za

In hierdie uitgawe:

Bl. 1 Aggressie

vervolg

Bl. 2 Die goue reël

Spreekwoord

Welpierugby

Click 2 chow

Bl. 3 Belangrike datums

Maselinenting

Hemelvaart

Aggressie:

Kenners reken aggressie is 'n natuurlike bestanddeel van elke mens se samestelling. Ons voel dikwels aggressief op die pad of by die werk en in 'n winkel kan ons erg ongeduldig raak.

Dit is egter ook 'n eienskap wat 'n mens vroeg moet leer beheer. Jy kan nie sommer die winkelkassier bydam en slaan of byt nie, dis sosiaal onaanvaarbare gedrag.

Terwyl jou gevoelens normaal is, is dit jou reaksie wat tel. En dis wat ons ons kinders moet leer: dat 'n mens jou gevoelens eerder in 'n ander rigting moet stuur.

Wees gerus—alle kinders maak aggressiewe fases deur. Aggressie is deel van 'n ontwikkelingsproses en jou kind moet eenvoudig na beter gedrag gelei word. Aandag is die begin van die oplossing.



Aggressie—vervolg:

Van peuterbyters tot Laerskoolslaners—Kleuters gebruik aggressie meestal om te kry wat hulle wil hê. Of dit nou 'n speelding is wat hulle van iemand wil wegvat en of hulle aandag soek, aggressie is hul manier om dit te kry. Hulle kan nog nie hul impulse beheer nie.

Ouer kinders, soos voorskoolse of laerskoolkinders gebruik aggressie ook om aandag te kry, maar dan is dit meer gesofistikeerde manipulasie. Dit kan ook 'n teken van onsekerheid wees—as die kind nie in beheer voel nie, kan hy maklik kleiner outjies teiken om beter oor homself te voel.

Wanneer 'n kind aggressief optree, moet jy hom dadelik eenkant neem. Sê vir hom jy verstaan dat hy dalk kwaad is, maar dat die manier waarop hy dit uitdruk, nie aanvaarbaar is nie. Laat hy gevoelens probeer verwoord.

Is hy regtig kwaad vir sy boetie? Waarom? Neem hom na 'n stil kamer om af te koel. Die doel is dat hy moet leer dat sulke optrede nie aanvaarbaar is nie.





As jy niks van jou kind verwag nie, sal hy ook niks vermag nie. *Wilna van Rooyen*



Die goue reël:

Beantwoord jou kind se aggressiewe optrede met liefde, sodat hy verstaan dat hy eerder met liefde moet optree.

As jy aggressief reageer, gaan dit juis die boodskap uitstuur dat aggressie aanvaarbaar is. As my ouers so optree, hoekom nie ek ook nie?

Die krag van soentjies en drukkies kan nooit onderskat word nie. Gee jou kind 'n drukkie en hy voel dadelik beter oor homself. En as hy 'n drukkie kan uitdeel, pleks van 'n vuishou, gaan hy ook beter voel.



Welpierugby:

Ons speel Saterdag by ons eie skool, Leeuwenhof Akademie! Op dié dag vind die afsluitingsfunksie ook plaas, soos aan u deur-gegee. Ons glo dit gaan 'n baie spesiale geleentheid vir ons pragtige kinders en ouers wees! Almal word hartlik uitgenooi om die oggend by die skool deur te bring! Die verrigtinge begin om 08:00 tot 12:30, waarna die afsluitingsfunksie plaasvind.

Nogmaals dankie aan ons afrigters, wat 2 keer per week met ons seuntjies kom oefen het en groot opofferings gemaak het om hier te wees. **ONS WAARDEER!**

Click 2 Chow:

Click 2 Chow kan gebruik word om bestellings by die snoepie te plaas. Die stelsel behoort beter te werk as die huidige stelsel, waar bestellings per e-pos by Angie geplaas word.

Belangrike datums:

- 23 Mei:** Ambassadeursaand—Vereeniging
- 25 Mei:** **Hemelvaartdag**
Ons besoek die Kerk naby die skool
- 27 Mei:** Welpierugby Leeuwenhof Akademie—**Almal WELKOM!!**
- 29 Mei:** **Tot 1 Junie**—tradisionele kos
29-05 Vetkoek, 30-05 Melktert
31-05 Koesisters, 01-06 Pannekoek
- 31 Mei:** Ambassadeursaand—Heidelberg
- 2 Junie:** **Boeresport en Worsbraai**



Maselinenting:

Die plaaslike kliniek was hier by die skool en die meeste van ons jong maatjies het die inenting ontvang. Ons het navraag gedoen en dit is beter as die maatjies wel die inenting ontvang. Indien hul dit nie by die skool gekry het nie, moet u asseblief van u plaaslike kliniek gebruik maak, vir veiligheidshalwe. Dis vir kinders onder 5 jaar oud, asseblief.

Hemelvaart:

Ons vier Hemelvaart op 25 Mei en besoek die NG Kerk in Primroseheuwel. Ons het ook 'n byeenkoms in die amfiteater, om 08:00, vir die Graad 0 maatjies, asook belangstellende ouers.



Hemelvaart:

Christus se hemelvaart het Hom vrygemaak van alle aardse beperkings van tyd en plek. Dit beteken nie dat Hy nou van die aarde verwyder is nie, maar juis dat Hy nou permanent, altyd en oral, by ons teenwoordig kan wees.

Ons Vader is, deur Sy Seun en die Gees, nader aan ons as ons vel.

William Temple

Vriendelike groete!
Wilna van Rooyen

